Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

10 NOVEMBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**KONINKRYKSTYD**

Ons **groei** nader aan God en mekaar om 'n verskil in die wêreld te maak.

**OGGENDDIENS**

Hoe gebruik ons die goue oomblikke in die lewe?

Gal. 5

**JEUGDIENS**

*Rooted*

**AANDDIENS**

Die lewe van 'n Christen (Deel 4)
Matteus 5

**DEURKOLLEKTE**

**BADISA**

Die NG Kerk se barmhartigheidsaksies ressorteer onder BADISA. Dit sluit maatskaplike dienste, ouetehuise en kinderhuise in.

## EREDIENSTE

| | | | 10 November | | 17 November | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Dr. Hanekom | 3 | Ds. Duvenhage | 4 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Visagie | 6 | Ds. Potgieter | 7 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 09:00 | Tent | Klouterkerk | Ds. Potgieter | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Ackerman | - | Ds. Duvenhage | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Mike v. Deventer | 1 | Mike v. Deventer | 11 |

## DIE TIENDEMAAND EN BYBELSE VRYGEWIGHEID

Die beginsel van 'n TIENDE is 'n sterk, Ou Testamentiese beginsel wat vir die Here se volk gegeld het. Lev. 27:30,32: *Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here.* Vandag dien dit slegs as 'n riglyn, maar ons gee nie uit dwang nie, eerder uit dankbaarheid en vrygewigheid. *As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie.* 2 Kor. 8:12-15.

Hartlik dankie aan lidmate wat reeds 'n bydrae tot die insameling gemaak het. Die bedrag van **R590 800** is sover ingesamel. Ons mikpunt is R1 850 000 sodat ons die 2020-begroting kan laat klop.

**Neem 'n plantjie:** Elke huisgesin word uitgenooi om een van die tarentaalplantjies as herinnering aan hul dankoffer te neem. Plaas jou dankoffer in enige koevert in die kollektebord, of maak 'n elektroniese oorbetaling na NG Kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *tiendemaand* as verwysing.

## JEUGDAGBOEK

- GRAAD 7'S: Sluit 18:00 by die jeugdiens aan.
- GRAAD 1-3-KAMP: 22 tot 23 November. Kom neem deel aan die ontdekkingsreis. Aansoekvorms is op www.stellenberg.co.za.
- ANNIBRAND SENIOR: Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Sien jou Woensdagaand 17:00 in die markplein.
- PEUTER- EN KLEUTERKERK: Vanoggend steeds in die komiteekamer.

## VERANDERINGE IN JUNIOR KATEGESE

Ons beoog om op Sondag 10, 17 en 24 November die volgende aanpassings in ons junior-kategesisteem te beproef:

- **Eredienste:** Albei die oggenddienste om 09:00 skop af met 'n kindergreep van ongeveer 20 minute. Kinders kan in dié tydgleuf die erediens op hulle eie vlak beleef. Na die kindergreep verlaat die kinders die erediens en kan die prediker op volwasse lidmate se geestelike behoeftes fokus.
- **Annibrand Junior (Kategese):** Ons verwys voorts na kategesegroepe as Annibrand Juniorgroepe. Na afloop van die kinderdiens sal kinders die erediens saam met lede van die *hallo-span* (hulle het Annibrand-hemde aan) en hulle groepleiers verlaat en verskillende graadgroepe sal in hul bepaalde lokale byeen-kom. **Geen kind hoef die erediens alleen te verlaat nie.** In die kerk en kleinsaal kan die kinders almal na agter beweeg om die lede van die *hallo-span* en kleingroepleiers te ontmoet. Annibrand Juniorgroepe sal teen 10:20 afgehandel wees. Ouers het dus na die erediens nog geleentheid vir saamkuier in die markplein. Kontak asseblief die jeugkantoor, Sunet by 021 975 1044/ sunet@stellenberg.co.za indien jy enige navrae of voorstelle het.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1: Ou kafeteria

Graad 2 en 3: Jeuglokaal

Graad 4, 5 en 6: Grootsaal

Graad 9: Bovertrek

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

### GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

### BREIGROEP

Ons ontmoet op 2 Desember om 10:00 vir ontbyt.

Kontak vir Ria McMIcken by 083 519 0602 vir verdere besonderhede.

Die breigroep benodig steeds wolskenkings. Afvalwol is ook welkom.

## KOEKIES EN KASIES VIR KERSFEES

Die Ruyterwacht Dienssentrum samel pakkies wigkasies en *Toppers*-koekies in vir Kerspakkies wat aan minderbevoorregte bejaardes tydens die Kersseisoen uitgedeel sal word. Gee asb. bydraes voor 25 Nov. by die kerkkantoor af. Kontantbydraes kan per EFT oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik asb. *KASIES* as verwysing.

## KOSPROJEK

Die kosprojek is een van die gemeente se oudste projekte, maar die voortbestaan van dié projek is in gedrang. Bydraes het geweldig gekrimp en die voorsiening van voedselhulp aan gesinne raak al moeiliker. Plaas asb. bydraes van niebederfbare kos onder die trap in die voorportaal van die kerk, of kontantbydraes kan per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing KOSPROJEK oorbetaal word.

## KERSETE VIR KLIPHEUWEL

Ons wil graag 'n Kersete vir die inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aanbied. Ons beoog om die ete aan 300 mense te bedien. Indien jy bereid is om te help met die bediening van die ete op Kersdag, 'n donasie wil maak, of met die voorbereiding van die ete behulpsaam kan wees, kontak asb. vir Schalk Burger 079 577 8268/schalk@shiloh.org.za.

## BYBELS VIR KHAYELITSHA

Die mannegebedsgroep wil graag 500 Bybels vir Khayelitsha insamel. Die Bybels kos R95 elk. Lidmate wat by die projek betrokke wil raak, kan gerus 'n finansiële bydrae vir die aankoop van die Bybels maak. Bydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word, of EFT na NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *Khayelitsha Bybels* as verwysing.

## VAKATURES: SINODALE KANTOOR

Die Sentrum vir Publieke Getuienis het twee vakatures vir 'n administratiewe koördineerder en 'n beampte wat navorsing en sosiale media kan behartig. Die volledige posomskrywings kan by karin@stellenberg.co.za aangevra word.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 14 November om 15:00 en 15:45

Spreuke 11 : Woorde van wysheid wat wyd loop.

### GEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### DANKIE Sê VIR VRYWILLIGERS

Ons wil graag alle vrywillige helpers wat ons deur die loop van die jaar bygestaan het, uitnooi na 'n geselligheid op Vrydag 29 November om 10:00 in die markplein. Teken asb. die datum in jou dagboek aan.

## KOORSANG VIR DIE KERSSANGDIENS

Indien jy graag deel wil wees van die koor wat tydens die Kerssangdiens op Sondagoggend 1 Desember Kersliedere gaan sing, kontak asb. vir Karin Barter 021 976 4519/ karin@stellenberg.co.za. Die koor gaan die tweede stem sing en oefen Dinsdagaand 12 en 19 November om 18:30 in die kerk.

## VATVYF-AFSLUITING

**VatVyf-afsluiting op Woensdag 20 Nov. om 12:00 in die kleinsaal.** Ons gaan saam middagete geniet, wat met 'n Kersprogram opgevolg sal word. Koste: R20 per persoon. Bespreek asb. jou plek by Karin 021 976 4519 voor 18 November.

## JOU KIND EN DIE INTERNET

Kom luister op Sondag 24 November om 10:00 ( na die erediens) in die kleinsaal na die advies wat Nadine Blom vir ouers het rakende veilige internet gebruik vir kinders. Sy het onlangs haar meestersgraad in o.a. die veld van kuberveiligheid gedoen.

Geen besprekings nodig nie en toegang is gratis.

## FEESMARK TERUGVOER

Ons is baie dankbaar vir die goeie ondersteuning wat die Feesmark geniet het. Ons glo dat beter weersomstandighede, teenoor verlede jaar se hittegolf, bydraend was tot 'n groter getal besoekers en daarmee saam het die uitbreiding van die mark met 30 bykomende stalletjies ook bygedra tot 'n algehele styging tot vanjaar se omset. Ons sal die finale syfers later bekend maak, maar dit lyk tans asof ons 'n goeie styging in omset kan verwag.

Ons is baie dankbaar teenoor Marilize Verreynne en Adri du Randt, organiseerders, Stephan Boshoff, voorsitter, die feesmarkkomitee, personeel, helpers en uitstallers wat dit vir ons moontlik gemaak het om 'n baie suksesvolle feesmark aan te bied. Dankie ook aan lidmate wat die mark ondersteun het en vriende en familie hierheen uitgenooi het. Ons wens alle betrokkenes 'n welverdiende ruskans toe.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE